

Hi Shando

Vir die vraag en antwoord in Baba & Kleuter:

Skei-slaggate

Ek wil van my man skei. Ons het twee kinders. Ek wil dit van die begin af reg aanpak en ek wil nie geld mors nie. Ook nie tyd nie. Wat is van die slaggate waarop ek op die uitkyk moet wees? Hoe begin 'n mens die proses? En hoe lank vat dit gewoonlik?

Skei Slaggate:

1. **Spesialis Familiereg Prokureur:**

Familiereg (egskeidings, beheer en toesig van kinders, huishoudelike geweld, vervreemding van kinders, finansiële verpligting en onderhoud t.o.v.

minderjariges, aannemings, lewensvenootskappe, selfdegeslagsverhoudings en -huwelike, alle wetlike aspekte ten opsigte van die gesin) het met die intreding van verskeie nuwe wette 'n spesialis area van die reg geword.

Aangesien dit 'n gespesialiseerde area van die wet is, is dit aan te beveel om 'n gespesialiseerde prokureur te raadpleeg. Doen intensiewe en deeglike navorsing om die mees bevoegde persoon op dié veld te kontak en van gebruik te maak.

2. **Onrealistiese verwagtings:**

Finansiële stres is een van die grootste redes waarom huwelike verbrokkel. 'n

Gebrek aan die gesamentlike opstel van 'n begroting vir die familie kan lei tot oneerlikheid, spandabelrigheid op niksseggende artikels en impulsiewe uitgawes wat verder lei tot 'n negatiewe finansiële toestand vir die familie.

Indien daar finansiële stres tydens die huwelik betrokke was, sal dit ook teenwoordig wees met en tydens die egskeiding.

Baie persone het 'n onrealitiese verwagting oor wat die egskeiding finansiëel vir hulle sal beteken. As daar nie R 10 000, 00 per maand beskikbaar was gedurende 'n huwelik om op 'n kind te spandeer nie, dan sal daar nie 'n hofbevel wees wat R 20 000, 00 per maand, per kind aan jou sal toestaan nie.

As die gesamentlike boedel se grootste “bate” skuld is, sal jy nie 'n nuwe kar en 'n opbetaalde kredietkaart uit die boedel kry nie. Indien daar wel fondse beskikbaar is in die vorm van pensioenfondse, annuïteite of polisse, sal dit verdeel word nadat belasting daarop verhaal is. Uit dié oorblywende fondse kan jy jou regskostes dek en uitgawes en verpligtinge wat jy moet nakom.

3. **Die geloofwaardigheid van wensdenkery-regsvadvis:**

Daar word baie in my kantoor gedurende konsultasies vir my vertel: “Ek het by die haarkapper gehoor dat jy vir Sarie R3 miljoen in haar egskeiding gekry het” of “Jy het gehelp dat Sannie die huis by die rivier/see kry. Ek soek dit ook! Kry dit vir my!”.

Dit mag dalk waar wees dat ek vir Sarie R3 miljoen gekry het maar daar was R12 miljoen om te verdeel tussen haar en die drie kinders. Dit mag dalk waar wees dat ek die huis by die rivier / see gekry vir Sannie gekry het, maar daar was drie huise in die gesamentlike boedel om van te kies.

Elke egskeiding is uniek. Huweliksvoorwaardeskontrakte het verskillende klousules, soos byvoorbeeld in- en uitsluitingsklousules wat sekere bates insluit in die gesamentlike boedel en ander uitsluit. Die gesamentlike boedel sluit al die bates en skuld in. Dit word gewoonlik om gerieflikheidshalwe vergeet dat die skuld ook vereffen en verdeel moet word deur and tussen die partye. Onderhoudsbehoefte kinders, (minder- of meerderjariges) moet ook in berekening gebring word.

Na die eerste konsultasie met jou spesialis familiereg-prokureur, sal jy kan assesseeer onder watter risikogroep jou egskeiding sal val:

- 1 - Hoë risiko: maksimum vergoeding met die potensiaal van hoër regskoste;
- 2 - Gemiddelde risiko: redelike regskoste, verminderde vergoeding;
- 3 - Lae risiko: Lae regskoste, minste finansiële wins, spoedige skikking.

Afhangende van jou omstandighede kan bogenoemde drie groepe mekaar oorvleuel. Jou prokureur sal vir jou raad gee in hierdie verband en bepaal watter risiko-groep die beste by jou omstandighede sal pas.

4. **Kognitiewe verdraaiing:**

Die wanopvatting:

- 1) ons sal nooit skei nie;
- 2) as ons skei, sal my eggenoot eerbaar, eerlik en lojaal teenoor my optree.

Die teendeel is egter die waarheid:

- 1) twee uit drie huwelike misluk binne 7 jaar;
- 2) met 'n egskeiding leer jy jou eggenoot se ware persoonlikheid ken en sien waartoe hy/sy in staat is.

In 'n neutedop, egskeidings bring nie die beste in mense uit nie, maar die ergste. Hulle wys hulle ware kleure. Persone voel verraai, verneder, kwaad en seergemaak en neem wraak sodat jy ook hulle gevoelens beleef.

5. **Die behoefte om die egskeidingsproses te gebruik om wraak te neem:**

Die bogenoemde is die hoof oorsaak dat skeisake jare, in plaas van, maande neem om af te handel. As een persoon die egskeidingsproses wil gebruik om die ander persoon 'n "les" te leer of om wraak te neem, verminder dit die kans om 'n skikking te bereik. Indien die rolspelers begryp dat hulle verhouding verbreek het en beide moet aangaan met hulle lewe, respektiewelik, kan die egskeiding vinnig afgehandel word deur te skik. Deur dit te doen sal die kinders minder trauma beleef. As beide partye saamwerk, kan die egskeiding vlot verloop. Die partye bly steeds die ouers van hulle kinders en in sommige uitsonderlike gevalle nog steeds besigheidsvennote.

6. **Tyd en koste:**

Hoe langer 'n skeisaak duur, hoe hoër is die uitgawes.

Die ideale uitkoms is dat beide partye so gou as moontlik skik en met hulle lewens aangaan. Dit neem ongeveer 40 kalenderdae nadat die laaste persoon

geteken het op die skikkingsakte, met minimale kostes, om die egskeiding te voltooi.

'n Egskeiding moet nie gebruik word om jou man/vrou by te kom vir oulaas nie. Deur die egskeidinggeding uit te rek kan dit die teelaarde wees vir onnodige hartseer, trauma, haat en venynigheid. Die finale nekslag: finansiële ondergang.

Shando Theron is die Hoof van die Familiereg Departement by Theron & Theron Prokureurs in Johannesburg, www.divlaw.co.za. (082 819 5675)